Oordenking
26 Julie 2017

Staan op! Laat skyn jou lig!

Jesaja 60:1: "*Jy moet opstaan, jy moet jou lig laat skyn, want jou lig het gekom, die lig van die Here self sal op jou skyn.*" (Uit die Bybel vir Almal).
Minstens drie waarhede word hier beklemtoon.

Die eerste waarheid is dat ons sal lewe soos mense wat nie in die duisternis vasgevang is nie. Ons kan onmoontlik dieselfde lewe lei as kinders van die duisternis. Ons moet opstaan en die sondige donkerte agterlaat. Ons mag nie toelaat die goddelose wêreld ons, of ons kerk, oorneem nie, maar moet die wêreld oorneem vir Christus.

Die tweede waarheid is dat, omdat ons in die lig van God lewe, ons soos mense van die Lig moet wees: ons moet doen wat reg, regverdig en eerbaar is. Ons mag nie verteenwoordigers van die sondige wêreld wees nie.

In die derde plek sal die lig van Jesus duidelik sigbaar wees in ons lewe. Mense wat na ons kyk behoort die lig en heerlikheid van Christus in ons raak te sien. Jesaja stel dit so:
(Jes 60:3) "*Nou sal die volke en die konings lewe in jou lig, die lig van jou nuwe dag.*"

Ons moet vir die ongelowiges wys dat ons iets belangriks besit wat hulle nie het nie. As hulle die lig van Christus in ons sien, wil hulle dit ook graag hê. Dan word hulle gewillig om "*in ons lig te lewe*".

Hierdie is 'n baie belangrike opdrag van God: Reflekteer die lig van Christus, wys vir ander die pad na God en na die hemel toe, want jy dra die Lig van die wêreld, ons Here Jesus Christus, waar jy ook al gaan.
Kom nou! Staan op! Laat skyn jou lig!